**19 Julie** **Skrifgedeelte: Psalm 13**
**Fokusgedeelte: Psalm 13:6**

## God verander wanhoop in hoop

Dit gaan nie altyd goed met gelowiges nie. Gelowiges word ook siek, verloor hulle werk, word oud, word gekaap en verkrag, moet geliefdes aan die dood afstaan ... Ondanks dit wat voorspoedspredikers wil verkondig is geloof nie die wonderkuur wat alle teenslae van die lewe soos mis voor die son laat verdwyn nie!

Ons is ook nie die eerstes wat ly nie. Omdat dit dikwels veronderstel word dat dit net goed moet gaan met gelowiges, kan mens so maklik voel asof jy onwetend iets verskrikliks moes gedoen het waarvoor God jou slaan en slaan. Tog lees ons dikwels in die Bybel van die worsteling van goeie gelowiges in hulle swaarkry. Ons ervaar almal nog in hierdie lewe swaarkry.

’n Ander wanvoorstelling wat dikwels bestaan is dat gelowiges hulle lyding altyd gelate aanvaar en dat worsteling met God sonde is. Genadiglik is die Bybel ook vol van die worsteling van gelowiges met God. As ek bang is vir my eie worsteling help God my self deur sy onfeilbare Woord om die woorde te vind in my stryd!

Eindelik vind ek wel kalm berusting. Saam met worstelaars in die Bybel, soos byvoorbeeld die digter van hierdie Psalm, of Job of Habakuk, lei Hy my ook eindelik na die berusting waarin ek weer seker is van sy verbondsliefde en trou.

*Sing: Skrifberyming 14-2* *Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)*